# Lesing 23 - 12 Augustus 2022 - Geen geestelike Krag sonder die Wysheid nie

DIE NUWE Bybel - BOEK 3 -DIE BEKRAGTIGING
(gedikteer aan Nalize Roets) -
Hoofstuk 11

Met die bestudering van al die woorde uit julle huidige Bybels, is daar spesifieke riglyne wat in gedagte gehou moet word, sodat die siel verlig kan word deur navolging van wat behoue gebly het.

Elke hoofstuk uit die Wet, behels riglyne vir volke van alle klasse en stande. Dit is tot verbetering van die siele om by die bepalings van die wet te hou, maar as gevolg van oorleweringe van geslag tot geslag, het sekere wette laste geword vir die siel. Kyk daarom uit 'n praktiese, regverdige oogpunt na elke wet en verduidelik dit aan My kleintjies aan die hand van saamwoon-beginsels.

**Orde**, as een van My eienskappe is van kardinale belang in die vervolmaking van 'n siel. Sonder die orde van gehoorsaamheid, sal die siel nie een met My Gees kan word nie. Ek rig daarom 'n opdrag aan elke opvoeder en kinderversorger om **'n ordelike ruimte**, met genoeg spasie vir beweegruimte, skryf-aktiwiteite en sinvolle self-ondersoek aktiwiteite daar te stel, sodat My kleintjies die aarde deur die oë van **Liefde, Orde en Erns** kan ondersoek. Ek sal deur Miriam-gees daar wees om te lei en te help om My kindertjies se harte op My te fokus.

Wees gereed en voorbereid wanneer 'n dag begin om al die onskuldige vrae sinvol te beantwoord en te help om self antwoorde te vind uit al die bronne wat My vereer. Help My kleintjies, asof dit jy is wat deur My gehelp wil word. **Wees sag, hulpvaardig, liefdevol en vreesloos.** Laat geen eis te groot wees in jou diens aan My Lieflinge nie, want so verlaag jy jouself en word jy een met My Skeppende, Versorgende Krag. Jy sal My beter en beter vind, hoe meer jy fokus op die ondersoeke en behoeftes van My kleintjies.

**Daar is nie 'n beter leerskool in onvoorwaardelike Liefde as die een van onselfsugtige kinderversorging nie.** Spreek uit My Liefde, al is dit streng nodig soms, maar bewys **hoflikheid, gemoedelikheid en begrip** vir die kind se ingesteldheid om alles rondom in een oomblik in te neem en daarop te wil reageer. Bewys **geduld** wanneer die kind nie meer geduld oor het vir die dag of oomblik nie. Moenie troos as wangebruik instel nie, maar assosieer met die kind se emosie en beantwoord aan die kind se behoefte, soos wat Ek deur al My versorgers aan jou eie behoeftes van veiligheid, voeding, kleding, omgewingsversorging en sielsnode beantwoord. Nooit beleef jy dat die behoefte te veel gevra is van Ons kant af nie. **Wees so 'n volmaakte versorger uit My vir al My kindertjies wat Ek in jou sorg plaas.** Hulle behoort aan My in My ewige Liefde en daarom sal jy ook aan My verantwoording doen oor hulle. Lei hulle eerste na My **en dan na Wysheid** oor die wêreld om hulle. Amein.

Hoofstuk 12

Wees geseënd deur die woorde van hierdie boek in jou siel op te neem as nog 'n **BROOD UIT MY HANDE**, want hiermee sal 'n **nuwe geslag** voor My opstaan, wat een sal word met al die aspekte van MY WESE. Hierdie hemel op aarde is **die begin van al die beloofde eindes en oorgange van tye**. Neem daarom sorg daarin om hierdie werk **die hoogste te ag** onder julle. Maak dit vir die opvoeders onder julle 'n geseënde belewenis **deur hulle by te staan** met redelike voldoening aan behoeftes.

Ek wil hiermee die riglyne beëindig en die praktiese leer open, sodat daar nog **meer geestelike opheldering** sal plaasvind onder al My kinders.

Waarde ver bo julle maatstawwe, het hierdie boek se woorde in die mens se hand, want sonder My opheldering bly die mens **gekluister in 'n verstand van redenasies en vêr van 'n hart van nederige diens**. Dien My, soos wat Ek begeer en word soos Dawid, oor vele aangestel vir die verloop van jou ewige bestaan. Amein.

My vriende sal MY STEM herken en jubel in die klank daarvan, want weer het EK MY BROOD mildelik gedeel en MY WYN vir hulle geskink. DIE BRUILOF is die geleentheid waaroor Ons juig en vrolik gesels en Ek bedien elkeen wat teenwoordig is **met My Gees se gawes.** Amein.